**DINSDAG 3 MAART**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: GENESIS 27:46 – 28:22**

**God staan sy kinders by, ook wanneer hulle die gevolge van hulle sonde moet dra**

Jakob het 'n duur prys betaal vir die bedrog wat hy gepleeg het. Hy moes vlug. Sy kontak met sy gesin is verbreek. Hy was 'n eensame figuur op pad na die vreemde.

Soos enigeen wat verbrou het, moes Jakob wonder: Wat gaan van my word? Die aand droom hy van 'n leer wat op die aarde staan en aan die hemel raak. God staan bo-aan die leer. Dit kon in daardie tyd 'n teken wees dat God gaan oordeel. Vir Jakob, wat geweet het dat hy verkeerd gedoen het, moes dit 'n vreeslike gedagte gewees het. Maar watter verrassing! God sê: "Ek gaan saam met jou."

God ken ons diepste gedagtes en ons fynste gevoelens. In sy groot wysheid, liefde en genade weet God hoe om te vermaan en hoe om te bemoedig. Wanneer sy verbondskind onder sy eie foute en sondes ly, sien God dit raak. Dan versterk God jou om die gevolge van jou sonde te kan dra.

God se belofte, "Ek gaan saam met jou", is in Christus vir ons vervul. Hy is Immanuel, God met ons. Hy is deur God verlaat, sodat God altyd by ons sal wees. Na sy hemelvaart het Hy sy Heilige Gees gegee om ons by te staan, ook wanneer ons soms die vrugte van ons eie verkeerde dade pluk. Die eintlike gevolge van ons sonde (om met die dood gestraf te word en vervloek te wees) is egter reeds deur Christus gedra.

*Sing: Psalm 105:5*

*Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom-Noord)*